21.13 BESWAARSKRIF : KLASSIS KRUGERSDORP – ARTIKEL 46 (Artt 19, 66, 68, 234, 235, 258, 305, 310, 312, 331, 332, 343)

A. Ds FM Dreyer stel die Beswaarskrif.
B. **Besluit:** Die Beswaarskrif word verwys na Beswaarskrifkommissie 4.
C. Ds TJ van Vuuren rapporteer namens die Beswaarskrifkommissie 4.
D. **Besluit:** Die Sinode benoem 'n ad hoc kommissie om die vergadering te adviseer oor die konsekwensies van die geslaagde Beswaarskrif.
E. Dr J Smit rapporteer namens die ad hoc-kommissie.
F. **Besluit:** Dat hierdie Sinode in reses gaan en 'n Kommissie aanwys om op die datum soos deur die Sinode bepaal, te rapporteer oor die opdragte soos goedgekeur in pt 3 van die Rapport van die ad hoc-kommissie.
G. Dr SP van der Walt lewer die Rapport van die Kommissie : "Saak van die vrou" tydens die voortgesette sitting.
H. Pt 9.4 van die Rapport van die Kommissie word verwys na 'n ad hoc kommissie.
I. Ds HLJ Momberg rapporteer namens die ad hoc kommissie oor die herformulering van pt 9.4 van die Rapport.
J. 'n Kommissie word aangewys om die vergadering te adviseer oor 'n voorstel ten opsigte van die hantering van pt. 12.10.
K. Ds HS Coetzee rapporteer namens die Advieskommissie.
L. Die volgende Kommissie oor advies rakende pt 11 van die Kommissierapport word aangewys: Dr J Smit (s), di PK Lourens, PW Kurpershoek, oudle F Swanepoel, J Hoogenboezem asook ds PM Modise.
M. Ds PW Kurpershoek rapporteer namens die Kommissie oor punt 11 van die Kommissierapport.

N. **BESWAARSKRIF**

1. Inleiding

1.1 Klassis Krugersdorp het op sy vergadering van 18 September 2006 besluit om 'n Beswaarskrif van die Geref Kerk Noordrand te handhaaf teen besluite van Sinode 2006 oor die vrou in die amp.

1.2 Die Beswaarskrif word aan u voorgelê vir beoordeling en behandeling in die lig van die besluit van Sinode 1991 (Acta 1991:528, 2). "Kerkrade kan langs kerklike weg vasstel óf en wáárom 'n besluit van 'n meerdere vergadering verander moet word, voordat dit by 'n vergadering wat die versoek kan afhandel, ter tafel gelê word. Onderlinge raadpleging is eie aan kerke en kerkverband."

1.3 U word versoek om die beswaargronde te beoordeel. Indien u die Beswaarskrif handhaaf, word u versoek om dit deur te stuur na die volgende Nasionale (Algemene) Sinode.

2. Besluite waarteen beswaar gemaak word

Die besluite waarteen beswaar gemaak word, word gevind in die Handelinge van Sinode 2006 (Acta 2006:411-12) naamlik:

"2.1.2 Die aanbeveling van die Kommissie word verwerp met 'n meerderheid van stemme."

"2.2.2 Die aanbeveling van die Kommissie word verwerp met 'n meerderheid van stemme."

"2.3 Die aanbeveling slaag nie." en "Die Beswaarskrif slaag in sy geheel".

In bogenoemde besluite word die aanbevelings van die Kommissie (Acta 2006:410-412) dat die beswaargronde van Part Sinode Bosveld nie slaag nie, met meerderheid van stemme verwerp. Hierdeur word die beswaar van Part Sinode Bosveld teen die besluit van Sinode 2003 gehandhaaf (Acta, 2006:412, 2.3).

3. Motivering van die Beswaarskrif

3.1 Die verstaan en toepassing van KO, art 46

KO, art 46 lui soos volg:

> *Sake vir behandeling op meerdere vergaderings moet nie opgestel word voordat die besluite van die voorgaande sinodes oor die voorgestelde punte nagegaan is nie, sodat sake wat eenmaal afgehandel is nie, nie weer voorgestel word nie tensy dit noodsaaklik geag word om iets te verander.*

Opmerkings oor KO, art 46:

3.1.1 Kerklike besluite kan gewysig word.

3.1.2 Sake wat afgehandel is – waaroor besluit is – moet nie weer behandel word nie, tensy die noodsaak daarvoor aangetoon word.

3.1.3 Indien die noodsaak bewys word, word sake weer oopgestel vir behandeling en besluitneming. Sulke sake is nie meer 'afgehandel' nie en kan in die daaropvolgende behandeling en besluitneming gewysig word.

3.1.4 Die noodsaak om besluite te verander in die lig van KO, art 46 kan aangetoon word met 'n Beswaarskrif of 'n Beskrywingspunt (Spoelstra, 1989:270; Van der Linde, 1983:167; Visser, 1999:204).

3.2 Beswaargrond 1

Die besluit van Sinode 2006 het nie die besluit van Sinode 2000 oor die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal (Acta 2000:440-441 – Bylae A), in sy geheel en in sy volle samehang met die besluite van Sinode 1988 en Sinode 2003 verreken nie.

Motivering van beswaargrond 1

Die motivering sal aantoon dat die besluit van Sinode 2000 wat gevolg gee aan 'n Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal, KO, art 46 handhaaf ten opsigte van:

(a) die besluite van Sinode 1988; en

(b) die besluite van Sinode 2003.

Die besluit van Sinode 2000 verbind die besluite van Sinode 1988 en Sinode 2003 ordelik in die lig van KO, art 46.

3.2.1 Die besluit van Sinode 2006 en die besluit van Sinode 2000

3.2.1.1 Geen motivering word gegee vir Sinode 2006 se besluit (Acta 2006:411-12) om die beswaar van Part Sinode Bosveld te handhaaf nie. Regspraak moet op duidelike gronde berus wat ook genotuleer (KO, art 34) moet word.

3.2.1.2 Die besluit van Sinode 2006 maak verder geen direkte verwysing na die besluit van Sinode 2000 (Acta 2000:440-441) oor die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal nie. Hieruit blyk dat Sinode 2006 die ter sake besluit van Sinode 2000 alleen in aanmerking geneem het vir soverre as wat die Beswaarskrif van Part Sinode Bosveld dit gedoen het.

3.2.1.3 In die besluit van Sinode 2006 en die beswaar van Part Sinode Bosveld wat beweer dat Sinode 2003 se besluit strydig was met KO, art 46, is die implikasies van die besluit van Sinode 2000 in sy volle samehang, nie verreken nie. Al verwysing wat die Beswaarskrif van Part Sinode Bosveld na die besluit van Sinode 2000 maak, word in 1.1.2 gevind (Acta 2006:409):

> *"Op dieselfde Sinode is daar aan 'n Beskrywingspunt gevolg gegee deur Deputate te benoem om met inagneming van bestaande besluite studie te doen oor die wyse waarop die Here die vrou in die kerk gebruik het en steeds wil gebruik (Acta 2000:440-441, 21.8 E)."*

3.2.1.4 Uit Sinode 2000 se besluit oor die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal is dit duidelik dat die vorige besluite oor die vrou in die kerk/amp – ook die van Sinode 1988 – weer ordelik (KO, art 46) oopgestel is vir behandeling (vgl 3.2.2). Omdat Sinode 2006 in sy besluit en Part Sinode Bosveld in sy Beswaarskrif, nie die besluit van Sinode 2000 in sy volle samehang verreken nie, word daar verkeerdelik beweer dat die besluit van Sinode 2003 strydig is met KO, art 46.

3.2.2 Die besluit van Sinode 2000 (Acta 2000:440-441) en KO, art 46

3.2.2.1 **Die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal**

3.2.2.1.1 By Sinode 2000 dien ‘n Beskrywingspunt (KO, art 46) van Part Sinode Wes-Transvaal oor die vrou in die kerk. Die Beskrywingspunt vra:

(a) dat die Sinode Deputate benoem om studie te maak oor wat in die Skrif openbaar word oor die wyse waarop die Here die vrou in sy Kerk gebruik het en vandag nog steeds wil gebruik;

(b) en dat die studie op so ‘n wyse onderneem word, dat die kerke daarin saamgeneem word, vir insette deur Kerkrade en individuele lidmate.

3.2.2.1.2 Die motivering van die Beskrywingspunt toon dat daar onduidelikhede en onbeantwoorde vrae in vorige besluite – onder andere die van Sinode 1988 – is, oor die vrou in die kerk. Hierdie onduidelikhede en onbeantwoorde vrae bewys die noodsaak (KO, art 46) dat die saak oor die vrou in die kerk weer oopgestel word (KO, art 46) vir behandeling en besluitneming.

(a) Dit is belangrik om raak te sien dat die Beskrywingspunt nie slegs sommige besluite uitsonder vir verdere studie en ander nie. Na ‘vorige besluite’ word slegs in die algemeen verwys. Wat die onduidelikhede, wat die onafgehandelde sake en in watter besluite dit is, word nie aangedui nie. Daarom is al die vorige besluite oor die vrou in die kerk ingesluit by die versoek tot studie.

3.2.2.1.3 Die motivering wys dat die onduidelikhede direk die vrou in die amp van diaken raak (Agenda 2000:440, 1.1, 1.2, 1.3, 1.4). Daarom is die saak van die vrou in die amp duidelik ingesluit by die verdere studie oor die plek van die vrou in die kerk.

3.2.2.1.4 Die Beskrywingspunt (KO, art 46) vra duidelik dat die besluite van Sinode 1988, wat verdere studie oor die vrou in die kerk en die insette van kerke daartoe afgekeur en die saak as afgehandel beskou het, weer oopgestel word (KO, art 46) vir behandeling.

3.2.2.2 **Die besluit van Sinode 2000 oor die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal**

3.2.2.2.1 Sinode 2000 besluit om gevolg te gee aan die Beskrywingspunt. Deur gevolg te gee word die Beskrywingspunt aanvaar en vereenselwig die Sinode hom met die motivering naamlik dat daar:

(a) onduidelikhede in vorige besluite is wat die plek van die vrou in die kerk/amp raak;

(b) nog sake is oor die plek van die vrou in die kerk/amp wat nie afgehandel is nie.

3.2.2.2.2 Dat Sinode 2000 hom met Beskrywingspunt en sy motivering vereenselwig het is duidelik uit die besluit van die Sinode self en uit die motivering wat daarvoor gegee word:

(a) die Sinode wys Studiedeputate aan – soos die Beskrywingspunt versoek;

(b) die studie moet op so ‘n wyse onderneem word, dat die kerke daarin insette kan lewer – soos die Beskrywingspunt vra;

(c) die studie moet poog om antwoord te vind op talle onbeantwoorde vrae en los lyne wat uit vorige studies en besluite (ook die van Sinode 1988) voortgespruit het – soos die Beskrywingspunt in sy motivering aangetoon het.

3.2.2.2.3 Sinode 2000 het opdrag gegee dat die studie gedoen word ‘*met die besluite van vorige Sinodes as vertrekpunt*”. Die betekenis van die frase, ‘*met die besluite van vorige Sinodes as vertrekpunt’*, is belangrik vir die beoordeling van die saak. Die Beswaarskrif van Part Sinode Bosveld gee dit weer met woorde wat min of meer dieselfde betekenis dra naamlik, ‘*met inagneming van bestaande* besluite’. Dus dien die bestaande besluite oor die saak van die vrou in die kerk/amp as vertrekpunt, en moet die besluite in ag geneem word in die studie.

(a) ‘**Vertrekpunt’** en ‘**in ag neem’** kan nie beteken dat die vorige besluite afgehandel (KO, art 46) is nie. Wanneer die besluit van Sinode 2000 in sy

volle samehang gelees en verstaan word, (die besluit en sy motivering asook die Beskrywingspunt en sy motivering), is dit duidelik dat hier nie bedoel word die vorige besluite is afgehandel (KO, art 46) nie. Indien die vorige besluite afgehandel was, is die besluit en sy motivering direk teenstrydig met mekaar. Juis omdat daar onduidelikhede en onafgehandelde sake in vorige besluite oor die saak is, word opdrag tot verdere studie gegee.

(b) Dat die frase '*vorige besluite as vertrekpunt'* inderdaad al die vorige besluite weer oopstel (KO, art 46) vir behandeling word bevestig deur die besluit van Sinode 2000 om alle bestaande inligting en besluite oor die plek van die vrou in die kerk aan die kerke beskikbaar te stel. Die besluite word nie versprei omdat hulle afgehandel is nie, maar omdat hulle weer aan die orde gestel word vir behandeling. Daar is onduidelikhede en onbeantwoorde vrae in vorige besluite. Die inligting word beskikbaar gestel sodat kerke en individuele lidmate insette kan maak tot die studie en kan help om die onduidelikhede en onbeantwoorde vrae op te klaar.

3.2.2.2.4 Die verwysing wat Sinode 2000 in die motivering van sy besluit na KO, artt 31 en 46 maak, kan nie verstaan word om aan te dui dat die besluite wat vorige Sinodes geneem het, vas en bindend was (KO, art 31) en nie weer op die tafel gebring mag word nie (KO, art 46). Indien die verwysing so verstaan word, is die motivering van die besluit direk in stryd met die besluit self. Indien die saak van die vrou in die kerk/amp met vorige besluite afgehandel was, is daar geen rede vir verdere studie nie. Omdat die noodsaak (KO, art 46) bewys is – die onduidelikhede en onbeantwoorde vrae in vorige besluite – word opdrag gegee tot verdere studie.

3.2.2.2.5 Dit is belangrik om raak te sien, dat die besluit van Sinode 2000, soos die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal (vgl 3.2.2.1.2), nie sommige besluite uitsonder vir verdere studie en ander nie. Na 'vorige besluite' word slegs in die algemeen verwys. Daardeur is al die vorige besluite oor die vrou in die kerk/amp ingesluit by die studie en weer oopgestel vir behandeling (KO, art 46).

3.2.2.2.6 Die opdrag van Sinode 2000 tot verdere studie sluit die vrou in die amp in. Dit is duidelik omdat die Beskrywingspunt in 1.1, 1.2, 1.3 en 1.4 (Acta 2000:400), die saak van die vrou in die amp in die studie aan die orde stel. Die onduidelikhede waarna hier verwys word en wat die vrou in die amp van diaken direk raak, word deur Sinode 2000 in die motivering van sy besluit opgeneem (Acta 2000:441, 5).

3.2.2.2.7 Die opdrag tot verdere studie deur Sinode 2000 bewys dat vorige besluite oor die vrou in die kerk/amp, in die lig van KO, art 46 weer oopgestel is vir behandeling. Die motivering van die opdrag tot verdere studie toon dat vorige besluite oor die saak nie afgehandel (KO, art 46) is nie.

3.2.2.2.8 Die besluit van Sinode 2000 oor die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal stel dus die vorige besluite oor die vrou in die kerk/amp – ook die van Sinode 1988 – weer oop vir behandeling (KO, art 46), vir besluitneming en moontlike wysiging.

3.2.2.3 **Die besluit van Sinode 2000 en die besluit van Sinode 1988 (Acta 1988:507-523)**

3.2.2.3.1 Sinode 1988 neem verskeie besluite oor die plek van die vrou in die kerk/ampte. Die besluite is bindend (KO, art 31) en afgehandel (KO, art 46). Die Sinode besluit ook dat daar nie oor die saak verdere advies by kerke verkry, of verdere studie gedoen word nie (Acta 1988:523, 4).

3.2.2.3.2 Deur die besluit van Sinode 2000 oor die Beskrywingspunt (KO, art 46) van Part Sinode Wes-Transvaal word vorige besluite – ook die van Sinode 1988 – weer oopgestel vir behandeling. Die besluit van Sinode 2000 raak besluit van Sinode 1988 direk:

(a) Studiedeputate word aangewys soos die Beskrywingspunt versoek – 'n wysiging van 'n besluit van Sinode 1988;

(b) die studie moet op so ‘n wyse onderneem word, dat die kerke daarin insette kan lewer soos die Beskrywingspunt vra – ‘wysiging van ‘n besluit van Sinode 1988;

(c) die studie moet poog om antwoord te vind op talle onbeantwoorde vrae en los lyne wat uit vorige studies en besluite – ook die van Sinode 1988 – voortgespruit het, soos die Beskrywingspunt in sy motivering aangetoon het.

3.2.2.3.3 Die saak van die vrou in die kerk/amp en die vorige besluite daaroor – ook die van Sinode 1988 – is ordelik by wyse van ‘n Beskrywingspunt (KO, art 46) en deur die besluit van Sinode 2000 weer oopgestel vir behandeling en verdere besluitneming en daarmee ook vir moontlike wysiging.

3.2.2.4 **Die besluit van Sinode 2000 en die besluit van Sinode 2003**

3.2.2.4.1 Die Sinode van 2003 neem ‘n Rapport van Deputate ter tafel oor die vrou in die kerk/amp. Die Deputate het ‘n opdrag wat deur Sinode 2000 gegee is, uitgevoer. Dat die saak van die vrou in die amp, deel is van die opdrag is die eenparige oordeel van die Deputate – al dien daar ‘n Meerderheid- en Minderheidsrapport – en dit is ook die oordeel van Sinode 2003 (Acta 2003:569, 3.4.1.2).

3.2.2.4.2 Sinode 2003 behandel die Rapport en neem besluite oor die vrou in die kerk/amp omdat die besluit van Sinode 2000 oor die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal die vorige besluite oor die vrou in die kerk/amp, oopgestel het (KO, art 46) vir behandeling.

3.2.3 Gevolgtrekking

In die lig van die beredenering in 3.2.1 en 3.2.2 hierbo is dit duidelik dat die besluit van Sinode 2003 nie, soos die besluit van Sinode 2006 beweer, KO, art 46 verbreek nie. In die lig van die besluit van Sinode 2000 oor die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal oor die vrou in die amp, het KO, art 46 aan Sinode 2003 die reg gegee om besluite van Sinode 1988 oor die vrou in die amp, met nuwe besluite te wysig.

3.3 Beswaargrond 2

Die besluit van Sinode 2006 is ten onregte geneem omdat al die inligting ter tafel oor die saak nie verreken is nie.

Motivering van beswaargrond 2

3.3.1 By Sinode 2006 is 12 (twaalf) Beswaarskrifte (Acta 2006:952) ingedien teen die besluit van Sinode 2003 oor die vrou in die kerk/amp. Sewe (7) van die Beswaarskrifte beweer dat die besluit van Sinode 2003 strydig was met KO, art 46. Oor elkeen van die Beswaarskrifte is verslae ingedien deur Kommissies, en oor sommiges Meerderheid- en Minderheidsverslae.

(a) Indien al die inligting geweeg en beoordeel is, sou die besluit van Sinode 2000 oor die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal aan die orde gekom en so getoon het dat die besluite van Sinode 2003 nie strydig is met KO, art 46 nie.

(b) Verder sou die oorweging van al die inligting onduidelikheid (Sinode 2006 : N44, art 224) uit die weg geruim het, sodat die regspraak in die besluit op seker gronde en die waarheid berus het.

3.3.2 Van die sewe (7) Beswaarskrifte wat beweer dat die besluite van Sinode 2003 KO, art 46 verbreek het, verwys ses (6) na die besluit van Sinode 2000 oor die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal, sonder om die besluit in sy geheel en in samehang met die Beskrywingspunt en die besluite van Sinode 1988 en Sinode 2003 te verreken.

3.3.3 Die Beswaarskrif van die **Geref Kerk Wonderboompoort** (Acta 2006:460-464) verwys slegs na die opdrag van Sinode 2000 (Acta 2006:464, 2.2.4). Die besluit van Sinode 2000 in sy samehang met die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal, en die besluite van Sinode 1988 en 2003, word nie in berekening gebring

nie. Daarom word verkeerdelik beweer dat Sinode 2003 strydig gehandel het met KO, art 46.

3.3.4 Die Beswaarskrif van die **Geref Kerk George** (Acta 2006:465-468) verwys na die besluit van Sinode 2000 in 2.2.2.3 en 2.2.2.4 (Acta 2006:467).

3.3.4.1 Hier word genoem dat Sinode 2000 aan die Beskrywingspunt gevolg gee. Verder word verwys na die opdrag tot verdere studie, oor wat in die Skrif openbaar word oor die wyse waarop die Here die vrou in die kerk gebruik het en vandag nog steeds wil gebruik, en na die motivering dat die besluite van vorige Sinodes as vertrekpunt geneem moet word.

3.3.4.2 Die besluit van Sinode 2000 word nie beredeneer ter ondersteuning van die beswaar nie. Die besluit van Sinode 2000 word nie in sy geheel en in sy samehang met vorige besluite oor die saak hanteer nie. Daarom word nie raakgesien dat die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal (KO, art 46) en die besluit van Sinode 2000 daaroor, die besluite van Sinode 1988 en Sinode 2003 in die lig van KO, art 46 verbind nie.

3.3.4.3 Die bewering in die Beswaarskrif dat besluite in die lig van KO, artt 31 en/of 46 herroep moet word om hulle te wysig hou nie rekening daarmee dat besluite ook gewysig kan word, indien die noodsaak (KO, art 46) aangetoon is nie. Dan kan die saak weer oopgestel word (KO, art 46) vir behandeling soos die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal en die besluit van Sinode 2000 met die vorige besluite oor die vrou in die kerk/amp gedoen het.

3.3.5 Die hantering van Sinode 2000 se besluit deur die Beswaarskrif van Part Sinode Bosveld (Acta 2006:409-410) is reeds in die motivering van beswaargrond 1 behandel. Daarin is duidelik aangetoon dat die Beswaarskrif nie die besluit van Sinode 2000 oor die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal ten volle verreken nie en daarom verkeerdelik beweer dat die besluit van Sinode 2003 strydig was met KO, art 46.

3.3.6 Die Beswaarskrif van Klassis Soutpansberg (Acta 2006:477-483) verwys na die besluit van Sinode 2000 in die motivering van beswaargrond 2.7 (Acta 2006:482, 9.3).

3.3.6.1 Die besluit van Sinode 2000 oor die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal word verbind met ‘n besluit oor ‘n Beswaarskrif (Acta 2000:437-440), sonder dat die verband tussen die twee aangedui word.

3.3.6.2 Ook hier word die besluit van Sinode 2000 nie in sy geheel en in samehang met die Beskrywingspunt en die besluite van Sinode 1988 en Sinode 2003 hanteer nie. Daarom word nie ingesien dat die noodsaak in die lig van KO, art 46 bewys is om die saak van die vrou in die kerk/amp weer oop te stel vir behandeling, omdat daar onduidelikhede en onbeantwoorde vrae in vorige besluite is.

3.3.6.3 In die opdrag tot verdere studie deur Sinode 2000 word al die vorige besluite oor die saak ingesluit omdat daar in die algemeen na vorige besluite verwys word, sonder om te spesifiseer watter besluite onduidelik is of wat die onbeantwoorde vrae is (vgl 3.2.2.2.5).

3.3.6.4 Die bewering dat die besluit van Sinode 2003 KO, art 46 verbreek het omdat die Deputate nie opdrag gehad het om verdere studie oor die saak van die vrou in die amp te doen nie, word verkeerdelik gemaak omdat die ter sake besluit van Sinode 2000 nie in sy geheel en samehang hanteer word nie (vgl 3.2.2.2.6). Dit is duidelik dat die Beskrywingspunt in 1.1, 1.2, 1.3 en 1.4 (Acta 2000:400), die saak van die vrou in die amp in die studie aan die orde stel. Die onduidelikhede waarna hier verwys word en wat die vrou in die amp van diaken raak, word deur Sinode 2000 in die motivering van sy besluit opgeneem (Acta 2000:441, 5).

3.3.7 Die Beswaarskrif van **Klassis Pretoria Moot** (Acta 2006:504-515) bring die besluit van Sinode 2000 oor die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal, ter sprake in punt 2.3.1.5 tot 2.3.1.9 (Acta 2006:514-515).

3.3.7.1 In die Beswaarskrif word verkeerdelik beweer dat die opdrag van Sinode 2000 tot verdere studie nie die saak van die vrou in die amp ter sprake bring nie. Hierdie

bewering word gemaak omdat daar nie rekening gehou word dat die opdrag tot studie al die vorige besluite oor die saak (vgl 3.2.2.2.5) raak nie. Die opdrag van Sinode 2000 word ook nie in samehang met die motivering van die besluit en die Beskrywingspunt en sy motivering hanteer nie. Daaruit blyk duidelik dat die opdrag tot studie die saak van die vrou in die amp insluit (vgl 3.2.2.2.6).

3.3.7.2 Die Beswaarskrif gaan uit van die veronderstelling dat die besluite van vorige Sinodes – in besonder 1988 – die saak van die vrou in die amp afgehandel het. Hier word nie rekening gehou dat die besluit van Sinode 2000 oor die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes Transvaal, die vorige besluite oor die vrou in die kerk/amp weer in die lig van KO, art 46 oopgestel het vir behandeling nie.

3.3.7.3 Die interpretasie dat Sinode 2000 in sy verwysing na KO, artt 31 en 46 daarmee aangedui het dat die besluit wat vorige Sinodes geneem het, vas en bindend was (KO, art 31) en nie weer op die tafel gebring mag word nie (KO, art 46) tensy die noodsaak daarvoor aangetoon word, kan nie aanvaar word nie (vgl 3.2.2.2.4). Die interpretasie van die Beswaarskrif bring die motivering van die besluit van Sinode 2000 direk in stryd met die besluit self. Indien die saak van die vrou in die kerk/amp met vorige besluite afgehandel was, is daar geen rede vir verdere studie nie. Omdat die noodsaak (KO, art 46) bewys is – die onduidelikhede en onbeantwoorde vrae in vorige besluite – word die saak en besluite weer deur die opdrag tot verdere studie oopgestel vir behandeling.

3.3.7.4 Die bewering dat Sinode 2000 ‘n meer algemene studie-opdrag gegee het, en dat die verkiesbaarheid van vroue tot die besondere ampte daarvan uitgesluit was, is nie korrek nie. Indien die opdrag tot studie in die geheel van die besluit van Sinode 2000 en in die lig van die Beskrywingspunt waaraan die besluit gevolg gee, gelees word, is dit duidelik dat die saak van die vrou in die amp by die studie ingesluit is (vgl 3.2.2.2.6).

3.3.8 Die Beswaarskrif van **JH Howell** (Acta 2006:545-550) beweer ook in beswaargrond 2 dat Sinode 2003 in sy besluit in stryd met KO, art 46 opgetree het.

3.3.8.1 Die Beswaarskrif het by Part Sinode Randvaal 2006 gedien. Die Part Sinode Randvaal 2006 het besluit dat beswaargrond 2 en ook al die ander beswaargronde nie slaag nie. Die besluit is nie deur Sinode 2006 verreken nie. Dit bring mee dat die besluit van Sinode 2006 in stryd is met die van Part Sinode Randvaal 2006 wat bevind het dat Sinode 2003 in sy besluit nie KO, art 46 verbreek het nie, maar juis uitgevoer het.

3.3.8.2 Die Beswaarskrif verwys in sy motivering van beswaargrond 2 na die besluit van Sinode 2000 oor die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal, in 3.3.1 (Acta 2006:546). In die verwysing word verkeerdelik beweer dat Sinode 2000 in die besluit aangetoon het dat die vrou nie amp kan dien nie. Geen motivering word vir die bewering gegee nie – dit kan ook nie, want dit is nie waar nie.

3.3.9 Uit die oorweging van al die inligting in die Beswaarskrifte wat beweer dat Sinode 2003 in sy besluit strydig opgetree het met KO, art 46, is dit duidelik dat nie een die besluit van Sinode 2000 in sy geheel en in samehang met die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal en die besluite van Sinode 1988 en Sinode 2003 hanteer het nie.

(a) Indien die besluit van Sinode 2000 in sy geheel en in samehang met die Beskrywingspunt (KO, art 46) van Part Sinode Wes-Transvaal en die besluite van Sinode 1988 en Sinode 2003 gelees word, is dit duidelik dat onduidelikhede en onbeantwoorde vrae in vorige besluite oor die saak dit genoodsaak het (KO, art 46), om die saak van die vrou in die kerk/amp, weer oop te stel (KO, art 46) vir behandeling en dat vorige besluite (KO, art 46) nie afgehandel was nie.

3.3.10 Gevolgtrekking:

Uit die oorweging van al die inligting ter tafel van Sinode 2006 (vgl 3.3.1 tot 3.3.9) is dit duidelik dat Sinode 2003 in die lig van die besluit van Sinode 2000 oor die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal, nie KO, art 46 verbreek het nie,

maar juis gehandhaaf het. Daarom het Sinode 2006 gefouteer in sy handhawing van die Beswaarskrif van Part Sinode Bosveld.

3.4 Beswaargrond 3

Die besluit van Sinode 2003 het nie soos die besluit van Sinode 2006 en die Beswaarskrif van Part Sinode Bosveld beweer, KO, art 31 verbreek nie.

Motivering van beswaargrond 3

3.4.1 Omdat die besluit van Sinode 2000 oor die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal, KO, art 46 handhaaf ten opsigte van, die besluite van Sinode 1988 en Sinode 2003 soos aangetoon in beswaargrond 1 en 2, is die beswaar dat Sinode 2003 in sy besluit KO, art 31 verbreek het, nie geldig nie. Indien die noodsaak (KO, art 46) vir die hersiening/wysiging van vorige besluite deur 'n Beskrywingspunt (KO, art 46) bewys en aanvaar is, is dit nie nodig om die besluite in die lig van KO, art 31 te wysig nie.

3.4.2 Gevolgtrekking

In die lig van 3.4.1 het die besluite van Sinode 2003 nie KO, art 31 verbreek nie.

4. Bevinding

4.1 Sinode 2000 wys in sy beredenering van 'n Beswaarskrif op die volgende: *"In die Gereformeerde kerkregering is geen besluit van 'n kerklike vergadering onveranderbaar nie. Selfs 'n Belydenisskrif van die kerk kan met die voorlegging van die nodige Skrifberoep verander word!"* en dat KO, art 46 *"ook voorsiening maak vir Beskrywingspunte"* om die noodsaak te bewys (Acta 2000:405, 3.4.11.2.2).

4.2 Indien die verband tussen die besluite van Sinode 1988 oor die vrou, en die besluite van Sinode 2000 oor die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal, en die besluit van Sinode 2003 oor die saak in aanmerking geneem word, is die besluit van Sinode 2003 duidelik nie in stryd met KO, artt 46 of 31 nie.

4.3 Die motivering van beswaargrond 1, 2 en 3 toon duidelik dat die besluit van Sinode 2006 in sy handhawing van die Beswaarskrif van Part Sinode Bosveld, ten onregte geneem is, en daarom in die lig van KO, artt 46 en 31 vernietig moet word.

5. Versoek

Die Partikuliere Sinode Randvaal word versoek om die Beswaarskrif in die lig van die motivering van beswaargrond 1, 2 en 3 hierbo te handhaaf en deur te stuur vir behandeling en afhandeling soos in 1.3 hierbo gevra.

O. **RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE**

1. Opdrag

1.1 Die Kommissie ontvang die opdrag om die beswaar van Streeksinode Randvaal te beoordeel en aan die Sinode aanbevelings te maak.

1.2 Die Beswaarskrif van Streeksinode Randvaal is ontvanklik verklaar en aan hierdie Kommissie toegewys met die opdrag om die Sinode te adviseer.

1.3 Die Kommissie bevestig wat reeds aan die Sinode uitgewys is, naamlik dat die Beswaarskrif foutiewelik in die gedrukte Agenda as die Beswaarskrif van Klassis Krugersdorp aangedui word.

Besluit: Kennis geneem van 1.1 tot 1.3.

2. Werkswyse

2.1 Die Kommissie het deur die Beswaarskrif gewerk. Die aangehaalde Sinodebesluite is gekontroleer en korrek bevind.

2.2 Die Kommissie het die beswaardes te woord gestaan.

2.3 Die Kommissie het ander insette wat gelewer is, volledig hanteer en deurgewerk.

2.4 Die Kommissie moet die Sinode adviseer ten opsigte van regspraak en het nie die materie van die saak rondom die vrou in die amp hanteer nie.

2.5 In die behandeling van die Beswaarskrif word die standpunt van Streeksinode Randvaal in *kursief* aangedui of opgesom om dit te onderskei van die Kommissie se beoordeling.

Besluit: Kennis geneem van 2.1 tot 2.5.

3. Besluit waarteen beswaar aangeteken word (Beswaarskrif se punt 2)

Streeksinode Randvaal maak beswaar teen die besluit van Sinode 2006 om 'n Beswaarskrif van Part Sinode Bosveld te handhaaf. Die besluit word in die Beswaarskrif punt 2 korrek aangehaal.

Besluit: Kennis geneem.

4. Motivering van Beswaarskrif (Beswaarskrif se punt 3)

Voordat Streeksinode Randvaal hulle beswaar stel, gee hulle 'n uiteensetting van hulle verstaan en toepassing van KO, art 46. Dit kom op die volgende neer:

3.1 Kerklike besluite kan gewysig word (3.1.1).

3.2 Sake wat afgehandel is – waaroor besluit is – moet nie weer behandel word nie, tensy noodsaak aangetoon word (3.1.2).

3.3 Indien noodsaak bewys is, word sake weer oopgestel vir behandeling en besluitneming. Sulke sake is nie meer 'afgehandel' nie en kan in daaropvolgende behandeling en besluitneming gewysig word (3.1.3).

3.4 Die noodsaak om besluite te verander in die lig van KO, art 46 kan aangetoon word met 'n Beswaarskrif of 'n Beskrywingspunt (3.1.4).

Die Kommissie wys daarop die verstaan van art 46, en meer spesifiek die verstaan van wat Beswaarskrifte en Beskrywingspunte is, die kern van die Beswaarskrif vorm. Die Beswaarskrif gaan dus vir die beswaardes oor veel meer as oor die rol van die vrou in die kerk of in die amp.

Besluit: Kennis geneem.

5. Agtergrond

Die historiese verloop van besluite word in Streeksinode Randvaal se beredenering weergegee. Die historiese verloop kan soos volg **opgesom** word:

5.1 In 2006 teken Part Sinode Bosveld beswaar aan teen die besluit van Sinode 2003 om vroue tot die diens van diakens toe te laat. Part Sinode Bosveld se beswaar is deur **Sinode 2006** gehandhaaf. Dit is teen hierdie besluit wat die huidige beswaar van Streeksinode Randvaal gaan. Sinode 2006 het ook bevestig dat die besluite van Sinode 1988 steeds vas en bindend is (sien hieronder by 5.4).

5.2 **Sinode 2003** het in sy besluit om vroue tot die diens van diaken toe te laat, hom laat lei deur 'n Kommissie- en Deputaterapport, wat hoofsaaklik oor die vrou in die amp gehandel het.

5.3 Hierdie Rapporte vloei voort uit 'n Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal waaraan **Sinode 2000** gevolg gegee het. Die opdrag wat Sinode 2000 na aanleiding van die Beskrywingspunt aan Deputate gegee het, was om die rol van die vrou in die **kerk** na te gaan. Hierdie opdrag is volgens Part Sinode Bosveld se beswaar (2006) onregmatig uitgebrei tot 'n studie van die vrou in die **amp**.

5.4 **Sinode 1988** het 'n uitgebreide Rapport behandel oor die vrou in die kerk in die lig van die Skrif na 'n studie van nege jaar. Die Sinode se besluit kom daarop neer dat vroue nie tot die diens van die besondere ampte geroep en bevestig kan word nie.

Besluit: Kennis geneem van 5.1 tot 5.4.

6. Beswaar

Die Beswaarskrif formuleer nie uitdruklik 'n beswaar nie.

Die beswaar kom daarop neer dat Sinode 2006 onordelik gehandel het deur gevolg te gee aan Partikuliere Sinode Bosveld se Beswaarskrif teen die besluit van Sinode 2003.

*Die kern van die beswaar is dat Sinode 2000 wel deur middel van 'n Beskrywingspunt die weg geopen het om verder studie te doen en te handel oor die vrou in die **amp**. Gevolglik*

het Sinode 2003 reg gehandel en moes die Beswaarskrif van Part Sinode Bosveld in 2006 nie geslaag het nie.

Besluit: Kennis geneem.

7. Beswaargrond 1

"Die besluit van Sinode 2006 het nie die besluit van Sinode 2000 oor die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal (Acta 2000:440-441-Bylae A), in sy geheel en in sy volle samehang met die besluite van Sinode 1988 en Sinode 2003 verreken nie" (Beswaarskrif punt 3.2).

7.1 *Beredenering van Streeksinode Randvaal ten opsigte van beswaargrond 1*

7.1.1 Die beredenering van Streeksinode Randvaal oor besluit van Sinode 2006 en Sinode 2000

7.1.1.1 Geen motivering word gegee vir Sinode 2006 se besluit (Acta 2006:411-12) om die beswaar van Part Sinode Bosveld te handhaaf nie. Regspraak moet op duidelike gronde berus wat ook genotuleer moet word (KO, art 34), (3.2.1.1).

7.1.1.2 Sinode 2006 het nie die besluit van Sinode 2000 verreken nie, omdat geen direkte verwysing na die besluit van Sinode 2000 gemaak word nie (3.2.1.1, 3.2.1.2, 3.2.1.3 en 3.2.1.4).

7.1.1.3 Sinode 2000 het kragtens die beswaardes se verstaan van artikel 46 die hele saak van die vrou in die amp (Sinode 1988) weer geopen en op die tafel geplaas (3.2.1.4).

7.1.1.4 Beide Sinode 2006 in sy besluit, en Part Sinode Bosveld in sy Beswaarskrif, het nie die besluit van Sinode 2000 in sy volle samehang verreken nie (3.2.1.4).

7.1.2 Die beredenering van Streeksinode Randvaal oor die besluit van Sinode 2000 en KO, art 46

(A) Die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal (3.2.2.1)

7.1.2.1 By Sinode 2000 dien ’n Beskrywingspunt oor die vrou in die kerk. Die Beskrywingspunt vra:

(a) dat die Sinode Deputate benoem om ’n studie te maak oor die vrou in die kerk
(b) en dat die kerke met die studie insette kan lewer (3.2.2.1.1).

7.1.2.2 Die motivering van die Beskrywingspunt toon aan dat daar onduidelikhede en onbeantwoorde vrae in vorige besluite is oor die vrou in die kerk (Sinode 1988). Hierdie onduidelikhede is die noodsaak waarom die saak van die vrou in die kerk kragtens artikel 46 weer oopgestel (volgens die beswaardes) moet word (3.2.2.1.2). Die Beskrywingspunt van 2000 is gerig teen **al** die vorige besluite. Daar word nie aangedui watter die onafgehandelde sake is nie. Daarom is al die vorige besluite oor die vrou in die kerk ingesluit by die versoek tot studie (volgens die beswaardes).

7.1.2.3 Die motivering wys dat die onduidelikhede direk die vrou in die amp van diaken raak (Acta 2000:440, 1.1, 1.2, 1.3, 1.4). Daarom is die saak van die vrou in die amp (volgens die beswaardes) duidelik ingesluit by die verdere studie oor die plek van die vrou in die kerk (3.2.2.1.3).

7.1.2.4 Die Beskrywingspunt vra (volgens die beswaardes) duidelik dat die besluit van Sinode 1988 afgekeur word en dat die studie oor die vrou in die kerk weer oopgestel word (3.2.2.1.4).

(B) Die beredenering van Streeksinode Randvaal van die besluit van Sinode 2000 oor die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal (3.2.2.2)

7.1.2.5 Sinode 2000 besluit om gevolg te gee aan die Beskrywingspunt. Deur gevolg te gee aan die Beskrywingspunt aanvaar en vereenselwig die Sinode hom met die motivering (3.2.2.2.2):

(a) onduidelikhede oor die plek van die vrou in die kerk/amp.
(b) sake oor die plek van die vrou in die kerk/amp wat nie afgehandel is nie.

7.1.2.6 Dat Sinode 2000 hom met die Beskrywingspunt en sy motivering vereenselwig is (volgens die beswaardes) duidelik uit die besluit van die Sinode en uit die motivering wat daarvoor gegee word (3.2.2.2.2).

(a) die Sinode wys Studiedeputate aan

(b) die studie moet so gedoen word dat die kerke kan insette lewer;
(c) die studie moet poog om antwoorde te vind op talle onbeantwoorde vrae en los lyne wat uit vorige studies en besluite voortgespruit het (ook die van Sinode 1988).

7.1.2.7 Sinode 2000 se opdrag is dat die studie gedoen moet word met vorige Sinodes as 'vertrekpunt'. Die beswaardes maak die volgende gevolgtrekking: 'Dus dien die bestaande besluite oor die saak van die vrou in die kerk/amp as die vertrekpunt, en moet die besluite in ag geneem word in die studie'(3.2.2.2.3.).

(a) Vertrekpunt' en 'in ag neem' kan nie beteken dat die vorige besluite afgehandel is nie (KO, art 46). Die onduidelikhede en onafgehandelde sake lei tot die opdrag (volgens die beswaardes).
(b) Dat die frase 'vorige besluite as vertrekpunt' inderdaad **al** die vorige besluite weer oopstel (KO, art 46) (klem deur die Kommissie).

7.1.2.8 Wanneer Sinode 2000 verwys na artt 31 en 46, kan dit nie verstaan word dat die besluite van vorige Sinodes, nie weer op die tafel gebring mag word nie. Omdat die noodsaak (KO, art 46) bewys is, kon die saak weer ter tafel kom (3.2.2.2.4).

7.1.2.9 Dit is volgens Streeksinode Randvaal belangrik om raak te sien dat Sinode 2000 nie 'sommige besluite uitsonder vir verdere studie en ander nie'. Hiermee het Sinode 2000 al die vorige besluite oor die vrou in die kerk/amp weer oopgestel vir behandeling (3.2.2.2.5).

7.1.2.10 Sinode 2000 het volgens die beswaardes in die motivering van die besluit verwys na 'die onduidelikhede', wat direk die vrou in die amp van diaken raak (Acta 2000:441, 5), (3.2.2.2.6 tot 3.2.2.2.8).

(C) Die beredenering van Streeksinode Randvaal van die besluit van Sinode 2000 en die besluit van Sinode 1988 (Acta 1988:507-523), (3.2.2.3)

7.1.2.11 Streeksinode Randvaal erken dat Sinode 1988 besluite geneem het rakende die vrou in die kerk/amp wat bindend (KO, art 31) en afgehandel (KO, art 46) is. 'Die Sinode besluit ook dat daar nie oor die saak verdere advies by kerke ingewin kan word nie, of verder studie gedoen word nie (Acta 1988:523, 4), (3.2.2.3.1).

7.1.2.12 Die besluit van Sinode 2000 in verband met die Beskrywingspunt, stel tog weer hierdie sake oop (3.2.2.3.2 en 3.2.2.3.3).

(D) Die beredenering van Streeksinode Randvaal van besluit van Sinode 2000 en die besluit van Sinode 2003 (3.2.2.4)

7.1.2.13 Sinode 2003 neem die Studiedeputate se Rapport insake die vrou in die kerk/amp ter tafel. Die eenparige oordeel van die Deputate was dat die vrou in die amp deel was van die opdrag (3.2.2.4.1 en 3.2.2.4.2).

7.1.3 Gevolgtrekking (3.2.3)

Die beswaardes gee die volgende gevolgtrekking: In die lig van die beredenering in 3.2.1 en 3.2.2 hierbo is dit duidelik dat die besluit van Sinode 2003 nie, soos die besluit van 2006 beweer, KO, art 46 verbreek nie. In die lig van die besluit van Sinode 2000 oor die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal oor die vrou in die amp, het KO, art 46 aan Sinode 2003 die reg gegee om besluite van 1988 oor die vrou in die amp, met nuwe besluite te wysig" (Beswaarskrif punt 3.2.3).

7.2 *Beoordeling deur die Kommissie van beswaargrond 1*

7.2.1 Beoordeling van die verstaan en toepassing van KO, art 46

7.2.1.1 Die Kommissie het geoordeel dat die beredenering in die motivering van die beswaardes ten opsigte van hulle 3.1.1 en 3.2.2 (in 3.1 en 3.2 hierbo) geldig is.

7.2.1.2 Met 3.1.3 (in 3.3 hierbo) beweer die beswaardes dat KO, art 46 dit moontlik maak om opnuut (*de novo*) na 'n saak te kyk en dat die hele saak weer oopgestel is vir behandeling. KO, art 46 bepaal dat 'n besluit vas en bindend is en nie verander kan word sonder dat die **noodsaak** (*necessitas*) aangetoon is nie. Om die besluit van 'n meerdere vergadering te skrap of te verander sal 'n Beswaarskrif daarteen gerig moet word. Verder is daar duidelike voorskrifte waaraan so 'n beswaar teen die besluit van 'n meerdere vergadering moet voldoen. KO, art 46 handel dus nie oor onafgehandelde sake nie, maar juis 'n saak wat duidelik besluit is. 'n Beswaarskrif

kom op die tafel van ’n meerdere vergadering deur KO, art 46 en is gerig teen die besluit van ’n meerdere vergadering.

7.2.1.3 Die beswaardes meen dat die noodsaak tot verandering aangetoon kan word met ’n Beswaarskrif óf ’n Beskrywingspunt. ’n Beskrywingspunt kan dus ’n besluit van ’n meerdere vergadering verander.

7.2.1.4 Die Beswaarskrif betoog verder dat ’n geslaagde Beswaarskrif en ’n Beskrywingspunt wat gehandhaaf word, beide aangewend kan word om bestaande besluite van kerklike vergaderings mee te wysig. Die algemene verstaan en toepassing van die Kerkorde verstaan daarteenoor dat bestaande besluite alleen deur ’n geslaagde Beswaarskrif gewysig mag word.

7.2.1.5 Die beswaardes grond hulle redenasie moontlik op ’n besluit van Sinode 1994 (Acta:52-53) waarvolgens 'n Beswaarskrif van prof B Spoelstra geslaag het. In die Beswaarskrif is betoog dat beide ’n Beswaarskrif en ’n Beskrywingspunt ’n **saak** is en dat die reglementering om Beskrywingspunte anders as Beswaarskrifte te hanteer, geskrap moet word. Sinode 1994 se besluit beteken egter NIE dat die onderskeid tussen ’n Beswaarskrif en ’n Beskrywingspunt opgehef word nie.

7.2.1.6 Die wesenlike redenasiefout wat die Beswaarskrif van Streeksinode Randvaal maak, is dat ’n Beswaarskrif en ’n Beskrywingspunt wesenlik presies DIESELFDE saak is. Albei is dus in wese Beswaarskrifte. En dit is eenvoudig nie waar nie. Wanneer gekyk word na dit wat ’n Beswaarskrif is en hoedat ’n Beswaarskrif in die kerklike praktyk hanteer word, teenoor wat ’n Beskrywingspunt is en hoedat ’n Beskrywingspunt in die kerklike praktyk hanteer word, is dit duidelik dat daar ’n definitiewe onderskeid tussen die twee sake bestaan. Vergelyk die wyse waarop hierdie selfde Sinode tot dusver die onderskeie twee tipes sake hanteer het.

7.2.1.7 Hoe word ’n **Beswaarskrif** volgens KO, art 46 verstaan en gebruik? Wanneer ’n beswaarde van mening is dat ’n bestaande besluit foutief is in die lig van Skrif, Belydenis en Kerkorde, wend hy hom uiteindelik tot die vergadering wat die besluit geneem het. Daar poog die beswaarde om op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde aan te toon waarom dit belangrik is om die besluit te verander. Indien die vergadering hom gelyk gee, slaag sy beswaar.

’n **Praktiese voorbeeld van ’n Beswaarskrif**: ’n (Hipotetiese) beswaar word ingebring teen die besluit van Sinode 1988 wat aantoon dat daar nie genoegsame Skrifgetuienis bestaan, om die vrou in die besondere ampte toe te laat nie. Daar moet duidelik uit Skrif, Belydenis en Kerkorde aangetoon word dat die besluit (of ’n gedeelte van die besluit) soos geneem deur Sinode 1988, verkeerd was.

7.2.1.8 Wanneer verandering noodsaaklik is op grond van ’n saak wat na vore gekom het waaroor daar nog geen besluit geneem is nie, of waar gemeen word dat ’n aspek of gedeelte van ’n besluit wat geneem is, uitgebrei moet word omdat daardie besondere aspek of gedeelte nie in die verlede verreken is of in ag geneem is nie, word ’n **Beskrywingspunt** opgestel sodat ’n vergadering in die lig van Skrif, Belydenis en Kerkorde de novo daaroor kan oordeel.

’n **Praktiese voorbeeld van ’n beskrywingspunt**: Partikuliere Sinode Wes-Transvaal se Beskrywingspunt oor die plek van die vrou in die kerk word deur Sinode 2000 vir sy rekening geneem. Sinode 2000 het met ander woorde geoordeel dat die plek van die vrou in die kerk ’n nuwe saak is wat nog nie op sy tafel gedien het nie. Sinode 2000 het, afgesien van ’n paar los lyne en uitstaande sake, sy studie oor die vrou in die amp afgesluit en daaroor vasstaande besluite geneem. Sinode 2000 neem die nuwe saak (naamlik die plek van die vrou in die kerk) vir sy rekening, maar herformuleer na eie goeddunke die omvang van die opdrag wat hy aan sy Studiedeputate gee. ’n Studie oor die plek van die vrou in die kerk sou sake insluit soos die inskakeling van die vrou in die gemeente se diakonale dienswerk, die verhouding tussen die susters en die diakonie en die inskakeling van susters op kerklike kommissies.

7.2.1.9 Dit is duidelik dat daar bepaalde ooreenkomste tussen ’n Beswaarskrif en ’n Beskrywingspunt bestaan (beide is “sake”), maar die onderskeid tussen ’n Beswaarskrif en ’n Beskrywingspunt word nie daardeur opgehef nie.

7.2.1.10 Die Beswaarskrif van Streeksinode Randvaal berus voorts op die aanname dat die **noodsaaklikheid** (*necessitas)* om ’n besluit te verander (ook) met behulp van ’n **Beskrywingspunt** aangetoon kan word. Dit impliseer dat die saak *de novo* hanteer moet word. KO, art 46 is egter nog nooit in die verlede so verstaan en hanteer nie. Dit sou immers regskrenkende optrede wees om alle bestaande besluite oor ’n saak te beskou asof dit nie meer geldig is nie, sonder dat daardie besluite deur ’n Beswaarskrif gewysig is op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde. Indien Streeksinode Randvaal gelyk gegee word sal dit verreikende implikasies vir die wyse waarop besluite in die toekoms in die GKSA geneem word. Bestaande besluite kan dan eenvoudig van die tafel gevee word sonder om dit op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde te beoordeel.

7.2.1.11 Die Beswaarskrif van Streeksinode Randvaal redeneer dus: *“Die noodsaak om besluite te verander in die lig van die KO, art 46 kan aangetoon word met ’n Beswaarskrif of ’n Beskrywingspunt …”* (kyk 3.1.4 van Rapport). Streeksinode Randvaal redeneer dat ’n Beskrywingspunt wat deur ’n kerklike vergadering vir sy rekening geneem word, die *necessitas*/noodsaaklikheid van die saak bewys. Dit is in ’n sekere sin waar. ’n Sekere tipe noodsaak moet bewys word, naamlik dat die Beskrywingspunt handel oor ’n belangrike nuwe saak, waaroor daar nog nie ’n besluit geneem is nie, of dat daar bepaalde aspekte van ’n bestaande saak is waaroor daar nog nie ’n besluit geneem is nie en wat opgeklaar moet word.

7.2.1.12 Die gevolgtrekking waartoe Streeksinode Randvaal kom oor die saak van *necessitas*/noodsaaklikheid is nie geldig nie. Daar word veronderstel (sonder enige bewyse of beredenering en in stryd met die korrekte hantering van KO, art 46) dat, indien noodsaak/*necessitas* deur ’n Beskrywingspunt aangetoon word, dit impliseer dat ’n saak waaroor daar rééds besluite geneem is, *de novo* op die tafel van ’n kerklike vergadering geplaas word, asof daar nog geen vasstaande besluite oor die betrokke saak geneem is nie. Noodsaaklikheid vir behandeling van ’n nuwe saak word dus verwar met noodsaaklikheid vir verandering van ’n bestaande besluit (afgehandelde saak).

7.2.1.13 Streeksinode Randvaal gaan van hierdie veronderstelling uit in 'n poging om bestaande besluite te wysig sonder dat daardie besluite in die lig van Skrif, Belydenis en Kerkorde getoets en gewysig word op grond van geslaagde Beswaarskrifte.

7.2.2 <u>Beoordeling oor die motivering van beswaargrond 1</u>

7.2.2.1 Die toeligter van die beswaar het voor die Kommissie die standpunt gehuldig (en betoog) dat ’n kerkregkundige soos prof B Spoelstra aantoon dat ’n besluit deur middel van ’n Beswaarskrif óf ’n Beskrywingspunt verander kan word.

7.2.2.2 Spoelstra verwys na Sinode 1961 (Acta 1961:515). Voetius gee die volgende omskrywing van ’n Beswaarskrif: ‘*Gravamina zijn vragen of meenigen over* moeilijkheden*, welke in een kerk zijn ontstaan, of over zaken welke gemeenschappelijk alle kerken in’t gemeen of direct of op eenige wijze betreffen, en die in en door een kerk of classe niet volledig afgehandeld kunnen worden’* (Jansen, J. 1925. Christelijke Enc., 2:389). Verder wys Spoelstra (Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering; Handboek by die Kerkorde, 1989:270 ev) daarop “dat by die Dordtse Sinode feitlik alle vrae, voorstelle, probleme en besware uit mindere vergaderings as *gravamina* bekend gestaan het”. Dit het geensins beteken dat die onderskeid tussen hierdie onderskeie sake deur die meerdere vergadering opgehef is nie. Hy (Spoelstra 1989:270) betoog verder dat ’n Beskrywingspunt “partymaal verkeerdelik radikaal van ’n gravamen of beswaar (-skrif) onderskei [word]. **’n Saak wat ordelik ter tafel kom, moet op grond van sy inhoud deur die vergadering wat dit moet behandel, gekategoriseer word om te bepaal hoe die vergadering dit wil behandel.** (Beklemtoning deur Kommissie.) ’n “Beskrywingspunt” of “versoek” sou,

selfs wanneer die inhoud op Appèl neerkom, deur die vergadering as Appèl behandel kan word (artt 31, 33, 46). Die naam of vorm van ’n stuk prejudiseer nie noodwendig die inhoud nie.”

Die Kommissie kon geen begronding vind uit die aangehaalde bronne vir die wyse waarop die beswaardes tot hul gevolgtrekking kom nie. Die Kommissie het die skriftelike begronding wat die beswaardes aanbied in Spoelstra (1989:270), Van der Linde (1983:167) en Visser (1999:204) gekontroleer om tot genoemde gevolgtrekking te kom.

7.2.2.3 Die Beswaarskrif van Streeksinode Randvaal kom duidelik tot ’n verkeerde gevolgtrekking om ’n Beswaarskrif en ’n Beskrywingspunt met mekaar **gelyk** te probeer stel en gevolglik te redeneer dat ’n vergadering besluite deur Beskrywingspunte (waaraan daar gevolg gegee word) kan verander. Besluite word slegs verander/gewysig deur geslaagde Beswaarskrifte. Besluite kan ook verander word deur ’n aangebode Beskrywingspunt waarvan die inhoud aantoon dat dit in werklikheid ’n Beswaarskrif is. Die vergadering moet daaroor oordeel en duidelik aantoon indien hy sodanige Beskrywingspunt anders “gekategoriseer” het vir behandeling.

7.2.2.4 Die kern van die saak waaroor Sinode 1994 gehandel het, gaan daaroor dat ’n saak wat ordelik op die tafel van ’n meerdere vergadering kom, nie van die tafel afgevee mag word (onontvanklik verklaar word) omdat ’n Appèl/Beswaarskrif verkeerdelik ’n Beskrywingspunt genoem word nie. Indien die vergadering dus die saak ordelik ter tafel neem, kan hy dit wat as ’n Beskrywingspunt aangebied word as ’n nuwe saak (soos aangebied as Beskrywingspunt), of selfs as ’n Appèl of Bewaarskrif behandel op grond van die inhoud van die aangebode Beskrywingspunt.

7.2.2.5 Spoelstra (1989:270) het dit duidelik **teen reglementering** soos ook aangetoon word in sy geslaagde Beswaarskrif tydens Sinode 1994 (p53). Daarmee poog hy geensins om die onderskeid tussen ’n Beswaarskrif en Beskrywingspunt op te hef nie. Die geslaagde Beswaarskrif toon slegs aan dat die “gedwonge onderskeiding tussen ’n Beskrywingspunt en ’n Beswaarskrif verval” wat beteken: “Die Beswaarskrif het slegs die **reglementering** (beklemtoning deur Kommissie) om Beswaarskrifte op ’n ander wyse as Beskrywingspunte te behandel rojeer (rojeer = skrap – Verduideliking deur Kommissie).”

7.2.2.6 Sinode 1994 (p53) sê duidelik wat hy hieronder verstaan, en sy verstaan van die besluit word ook deur **die Sinode goedgekeur**: Die sinode **besluit slegs dat die prosedure** in verband met Beswaarskrifte nie meer van toepassing is nie. Die opheffing van die prosedure by die hantering van ’n Beswaarskrif beteken dat daar **nie voortaan ’n verskil moet wees in die prosedure by die hantering van** ’n Beswaarskrif en ’n Beskrywingspunt nie. Die onderskeid tussen ’n Beswaarskrif en Beskrywingspunt is dus alleen opgehef ten opsigte van die prosedure by die hantering van hierdie sake.

LET WEL: Dit hef geensins die ONDERSKEID op wat daar tussen ’n Beswaarskrif en ’n Beskrywingspunt bestaan nie.

WEER EENS: Die onderskeid tussen ’n Beswaarskrif en ’n Beskrywingspunt soos opgehef deur Sinode 1994, geld alleen die **prosedure** by die hantering van Beswaarskrifte.

7.2.2.7 Sinode 2006 laat slaag die Beswaarskrif van Partikuliere Sinode Bosveld en maak dit daarmee duidelik dat die besluit van 1988 nie in gedrang is nie in Sinode 2000 se besluit nie. Sinode 1988 se vasstaande en bindende besluite is dus nie **verander** nie.

7.2.2.8 Die beswaardes meen dat Sinode 2006 hierdie besluit om die Beswaarskrif van Partikuliere Sinode Bosveld te laat slaag, duidelik moes gemotiveer het. In die praktyk is daar egter baie voorbeelde van besluite waar meerdere vergaderings nie hul besluite oor Beswaarskrifte gemotiveer het nie. En teen hierdie besluite is nie beswaar gemaak bloot omdat daar nie skriftelike motivering gegee is nie. Die Kerkorde kan nie hanteer word as ’n wet, wat reglementeer ten opsigte van die

optrede van meerdere vergaderings nie. Die Sinode hoef nie skriftelike motivering te voorsien vir elke besluit nie omdat so ’n besluit nie afhanklik is van die motivering daarna nie. Die motivering gee eerder ’n verklaring/rede vir die besluit. Die gee van ’n motivering is **wenslik**, maar **nie noodsaaklik** nie.

7.2.2.9 Die Kommissie wat Sinode 2006 adviseer, plaas in hulle Rapport baie duidelik weer die hele saak van 2000 op die tafel, maar Sinode 2006 wys die Kommissierapport af. Sinode 2006 het dus via hierdie Rapport baie duidelik die hele saak van Sinode 2000 se Beskrywingspunt op sy tafel gehad en dit verreken, terwyl die beswaardes beweer dat dit nie verreken is nie. Sinode 2006 besluit dat daar reeds duidelike besluite oor die hele saak in 1988 geneem is (*Errata Acta 2006, Artikel 277, N62), (3.2.1.2, 3.2.1.3).*

7.2.2.10 Die beswaardes beweer dat Partikuliere Sinode Bosveld in hulle beswaar van 2006 nie die besluit van Sinode 2000 in sy volle samehang verreken nie (3.2.1.4). Partikuliere Sinode Bosveld verwys na die Beskrywingspunt van Partikuliere Sinode Wes-Transvaal voor Sinode 2000. Daarom kan die beswaardes nie redeneer dat Partikuliere Sinode Bosveld nie die volle samehang verreken het nie (*argumentum e silentio* – afleidings wat gemaak word op grond van wat níé gesê is nie). Dit is duidelik uit die stukke (Kommissierapport genoem in 3.5.2) dat die Sinode 2006 wel Sinode 2000 in sy volle samehang op die tafel gehad en verreken het.

7.2.2.11 Sinode 2000 wys Studiedeputate aan om met die besluite van vorige Sinodes as vertrekpunt, ’n studie te maak oor wat in die Skrif geopenbaar word oor die wyse waarop die Here die vrou in die kerk gebruik het en steeds wil gebruik' (Acta 2000:440, 1). Die eerste beperking (grens) van die opdrag wat Sinode 2000 daarstel, is dat die **besluite van vorige Sinodes** moet dien as vertrekpunt. Die tweede beperking (grens) is dat die studie moet handel oor die vrou in **die kerk**. Die beswaardes sien hierdie besluit van die Sinode nie as ’n beperkings of grense waarbinne die studie moet beweeg nie, maar eerder dat die beperkings hierdeur opgehef is en daar nie grense vir die studie is nie. Met die omskrywing van die besluit en die gevolgtrekking wil Sinode 2000 juis duidelik wees oor die grense waarbinne die studie moet beweeg, sodat afgehandelde sake nie weer hanteer word nie (KO, art 46).

7.2.2.12 Die beswaardes maak verder die afleiding dat Sinode 2000 hom **vereenselwig met die motivering van die Beskrywingspunt** (3.2.2.2.1, 3.2.2.2). Sinode 2000 het nie die motivering van die Beskrywingspunt vir sy rekening geneem, toe hy gevolg gegee het aan die Beskrywingspunt nie. Die Sinode skryf eerder ’n **eie motivering**. Dit is duidelik dat die Sinode nie noodwendig die hele motivering van die Beskrywingspunt vir sy rekening wil neem nie.

*Die **motivering van die Kommissie** verwys onder andere terug na die besluit van Sinode 1988: "Daar is baie inligting verspreid en gefragmenteerd in die verskillende Acta’s van die Sinode, onder andere die ongepubliseerde Bylae by die besluit van Sinode 1988". Die Sinode het dus nie net 'die talle onbeantwoorde vrae en los lyne ingedagte nie', maar ook dit wat vir die Sinode seker en vas was van hierdie Sinode en daar is ook duidelike besluite geneem deur die Sinode oor die vrou in die amp.*

Verder motiveer die Sinode in 5 van die motivering: 'Die Studiedeputate poog om antwoorde te vind op talle onbeantwoorde vrae en los lyne wat daar uit die vorige studies voorgespruit het, soos blyk uit die motivering van die Beskrywingspunt' (Acta 2000:411, Kommissierapport, pt5). Die Sinode gee hiermee reeds toe dat absolute duidelikheid dalk nie moontlik sal wees nie, soos reeds aangetoon is in 1988 (vgl ‘poog').

7.2.2.13 Die Sinode word daarop gewys dat Streeksinode Randvaal deurgaans verwys na *‘die vrou in die kerk/amp’*, terwyl geen meerdere vergadering sodanige verwysing het nie. Deurgaans in die beswaar beskou die beswaardes die plek van die vrou in die **kerk** en **amp** as sinoniem (soos blyk deur die gebruik van die frase 'kerk/amp'

in die Beswaarskrif). Die vrou in die amp is vir die beswaardes die logiese uitvloeisel van die hele saak van die vrou in die kerk. Sinode 1988 wys op die noodsaak dat die plek van die vrou in die **kerk** en nie die plek van die vrou in die **amp** (soos beweer deur die beswaardes), opgeklaar moet word (3.2.2.3). Die Sinode 1988 het die saak van die vrou in die amp in 4.2 in sy geheel afgekeur (Acta 1988:523) as 'n vas en bindende besluit.

7.2.2.14 Volgens die beswaardes se verstaan van KO, art 46 is *'…al die vorige besluite weer oopgestel vir behandeling'* (3.2.2.2.3b). Dit kom daarop neer dat die Beskrywingspunt van Sinode 2000 die besluit van Sinode 1988 verander het. Daarteenoor dui KO, art 46 'n Beswaarskrif met deeglike gronde en redes aan as die ordelike weg vir die verandering van 'n meerderevergadering se besluit.

7.2.2.15 'n Beskrywingspunt kom op die tafel van 'n meerdere vergadering deur KO, art 30 en bring 'n nuwe saak van 'n mindere na 'n meerdere vergadering. Kragtens KO, art 30 het 'n Beskrywingspunt 'n ander bedoeling naamlik, om 'n aanvulling te maak tot die besluit, wat nie in sy geheel weer oopgestel is vir behandeling nie (3.2.2.3-3.2.2.8, 3.2.2.3). Die Beskrywingspunt van Sinode 2000 kon en het nie die besluit van Sinode 1988 verander nie.

7.2.3 Gevolgtrekking van die beoordeling oor beswaargrond 1

Die beswaardes beweer dat Sinode 2006 nie die besluit van Sinode 2000 ten volle verreken het nie. Streeksinode Randvaal beweer dat die besluit in sy geheel en in sy volle samehang met Sinode 1988 en 2003 nie verreken is nie. Die Kommissie bevind dat hierdie besluite wel verreken is. Die Beswaarskrif spekuleer deur te beweer dat Sinode 2006 nie die besluite van Sinode 1988 en 2003 verreken het nie. Die bewering dat al hierdie besluite nie verreken is nie, rus op 'n bepaalde interpretasie van die besluit van Sinode 2000.

Die opdrag van Sinode 2000 aan Studiedeputate was om die saak van die vrou in die kerk, asook enkele los lyne in hierdie verband te ondersoek. Die beswaardes ondersteun hulle redenasie deur te beweer dat 'n Beskrywingspunt en 'n Beswaarskrif dieselfde saak is. Sou 'n Beskrywingspunt slaag, kom dit daarop neer dat dit dieselfde gewig dra as 'n geslaagde Beswaarskrif teen 'n besluit. Dit beteken (volgens hierdie redenasie) dat 'n saak weer *de novo* (van nuuts af) ondersoek kan word. Streeksinode Randvaal huldig die standpunt dat alle sake in verband met die vrou in die amp ook daarmee weer *de novo* oopgestel is.

Streeksinode Randvaal beweer dat Sinode 2003 die reg gehad het om weer na die **hele** (let op gebruik van die woord 'al' in die Beswaarskrif) (kyk 3.2.2.2.3 van Rapport) saak van die vrou in die amp te kyk, omdat die besluit van Sinode 2000 aan hulle daardie reg gegee het. Die Kommissie oordeel dat die besluit van Sinode 2000 níé aan Sinode 2003 die reg gegee het om ook die vrou in die **amp** van nuuts af ter tafel te neem nie.

Die Beskrywingspunt van Partikuliere Sinode Wes-Transvaal waaraan daar deur Sinode 2000 gevolg gegee is, het nie die volle saak van die vrou in die amp weer *de novo* (van nuuts af) op die tafel geplaas **asof** dit 'n geslaagde Beswaarskrif was teen die besluit van Sinode 1988 nie. Sinode 2006 bevestig hierdie standpunt deur sy duidelike besluit in verband hiermee naamlik, '..dat daar ten opsigte van die toelating van die vrou in al die besondere ampte duidelike besluite in 1988 geneem is. Hierdie besluite is op Skrifgronde geneem en is steeds geldig' (*Errata Acta 2006, Artikel 277, N62)*.

Besluit: Kennis geneem van 7.1 tot 7.2.3.

8. Beswaargrond 2 (3.3)

"Die besluit van 2006 is ten onregte geneem omdat al die inligting ter tafel oor die saak nie verreken is nie."

8.1 *Beredenering van Streeksinode Randvaal oor Beswaargrond 2*

8.1.1 By Sinode 2006 is 12 Beswaarskrifte (Acta 2006:952) ingedien teen die besluit van Sinode 2003 oor die vrou in die kerk/amp (3.3.1).

(a) Indien al die inligting geweeg en geoordeel is, sou die besluit van Sinode 2000 oor die Beskrywingspunt van Partikuliere Sinode Wes-Transvaal aan die orde gekom en so getoon het dat die besluite van Sinode 2003 nie strydig is met KO, art 46 nie.

(b) Verder sou die oorweging van al die inligting onduidelikheid uit die weg geruim het, sodat die regspraak in die besluit op seker gronde en die waarheid berus het.

8.1.2 Ses van die Beswaarskrifte verwys na die Beskrywingspunt van Partikuliere Sinode Wes-Transvaal sonder om die besluit in sy geheel en samehang met besluite van Sinode 1988 en 2003 te verreken.

8.1.3 Vanaf 3.3.3 tot 3.3.9 wys die beswaardes op die verskillende Beswaarskrifte wat sou dien.

8.1.4 <u>Gevolgtrekking van Streeksinode Randvaal (3.3.10)</u>
Uit die oorweging van al die inligting ter tafel van 2006 is dit duidelik dat Sinode 2003 in die lig van die besluit van Sinode 2000 oor die Beskrywingspunt van Partikuliere Sinode Wes-Transvaal, nie KO, art 46 verbreek het nie, maar juis gehandhaaf het. Daarom het Sinode 2006 gefouteer in sy handhawing van die Beswaarskrif van Partikuliere Sinode Bosveld.

8.2 *Beoordeling van beswaargrond 2*

8.2.1 Die beswaardes wys op die verskillende Beswaarskrifte wat sou dien op Sinode 2006. Die beswaardes beskou die inligting van die Beswaarskrifte as van wesentlike belang en gebruik die inligting wat nooit gedien het nie as motivering van beswaargrond 2.

8.2.2 By die motivering van beswaargrond 2 spekuleer die beswaardes oor wat sou gebeur al-dan-nie indien daar meer inligting op die tafel was. Meerdere vergaderings neem nie besluite op grond van meer (hoeveelheid) inligting nie, maar op grond van die korrekte/ware inligting wat op sy Agenda hoort en ordelik ter tafel gekom het. Die **kwaliteit** van die inligting is belangrik en nie die **kwantiteit** nie. Besluite word juis geneem op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde en nie op grond van die veelheid van argumente, blote meerderheid of verwagtings van mense nie. ’n Spekulatiewe opmerking van Streeksinode Randvaal soos *"indien al die inligting geweeg en beoordeel is, sou die besluit van Sinode 2000 oor die Beskrywingspunt van Partikuliere Sinode Wes-Transvaal aan die orde gekom* ***en so getoon het dat die besluite van 2003 nie strydig is met KO, art 46 nie"****(klemtoon met vetdruk deur Kommissie**),* kan onmoontlik die basis wees vir motivering van ’n beswaargrond, aangesien hierdie sake nooit ter tafel was nie

8.2.3 Daar was nooit regspraak deur die Sinode van 2006 oor hierdie Beswaarskrifte, wat daarop neerkom dat die inligting vervat in die Beswaarskrifte nie getoets is aan die hand van die Skrif, Belydenis en Kerkorde nie, en dit nie duidelik is hoe en wat vir die doel van motivering van enige latere Beswaarskrif gebruik sou kon word nie.

8.2.4 Die Beswaarskrifte kan nou onmoontlik dien as motivering van ’n beswaargrond in ’n ander (nuwe) Beswaarskrif asof dit wel gedien het.

8.3 *Gevolgtrekking van die beoordeling oor beswaargrond 2*
Streeksinode Randvaal beweer dat die besluit van Sinode 2006 ten onregte geneem is, omdat "*al die inligting ter tafel oor die saak nie verreken is nie*". Hierdie beredenering berus op ’n foutiewe interpretasie van die besluit van Sinode 2000. Daar bestaan gevolglik ’n duidelike verband tussen beswaargrond 1 en 2 (vgl o.a 10.1 hier onder).

Besluit: Kennis geneem van 8.1 tot 8.3.

9. Beswaargrond 3 (3.4)

Die besluit van Sinode 2003 het nie soos die besluit van Sinode 2006 en die Beswaarskrif van Partikuliere Sinode Bosveld beweer, KO, art 31 verbreek nie.

9.1 *Beredenering van Streek Sinode Randvaal van beswaargrond 3*

9.1.1 Omdat Sinode 2000 die Beskrywingspunt handhaaf van Sinode 1988, verbind Sinode 2000 die besluite van 1988 en 2003 aanmekaar. Indien ’n besluit KO, art 46 oortree, vind daar nie ook regskrenking plaas in terme van Kerkorde, art 31 nie (3.4.1).

9.1.2 Gevolgtrekking (3.4.2).

In die lig van 3.4.1 het die besluite van Sinode 2003 nie KO, art 31 verbreek nie.

9.2 *Beoordeling van beswaargrond 3*

9.2.1 Die beswaardes beweer dat die besluit van Sinode 2003 nie KO, art 31 verbreek het nie. KO, art 31 bepaal dat ’n besluit slegs verander kan word, indien dit in stryd is met Gods Woord of die artikels van die Kerkorde. Sinode 2006 het geoordeel dat Sinode 2003 in stryd met KO, art 46 opgetree het. Sinode 2003 het dus KO, art 31 oortree.

9.2.2 Sinode 2006 het besluit dat Sinode 2003 nie KO, art 46 verreken het nie, en gevolglik het dit ook KO, art 31 in gedrang gebring.

9.3 *Gevolgtrekking van die beoordeling oor beswaargrond 3*

Streeksinode Randvaal beweer dat Sinode 2003 nie KO, art 31 verbreek het nie. Hierdie beswaargrond rus op hul interpretasie van die besluit van Sinode 2000. KO, art 31 stel dat wat besluit is vas en bindend is, tensy bewys word dat die besluit in stryd is met Gods Woord en die Kerkorde. Dit beteken dat Sinode 2003 voordat ’n studie oor die vrou in die amp ter die tafel geneem kon word, moes bewys dat die besluite wat Sinode 1988 hieroor geneem het, gewysig moes word. Streeksinode Randvaal redeneer dat die besluit van Sinode 2000 aan hulle die reg toegeken het om weer na die saak in verband met die vrou in die amp te kyk (vgl die foutiewe interpretasie van die beswaardes oor ’n Beskrywingspunt). Volgens hierdie redenasie was hulle nie verplig om op grond van KO, art 31 vooraf te bewys dat 1988 se besluit in verband met die vrou in die amp nie meer geldig is nie. Gevolglik is die beswaardes van mening dat Sinode 2003 nie KO, art 31 oortree het nie.

Die Kommissie oordeel dat Streeksinode Randvaal Sinode 2000 se besluit verkeerd interpreteer het. Hulle hele argument rus op die foutiewe hantering en verstaan van wat ’n Beskrywingspunt doen.

Besluit: Kennis geneem van 9.1 tot 9.3.

10. Samevattend

10.1 *Samevattende bevinding van die beswaardes (4.1-4.3)*

10.1.1 Sinode 2000 wys in die beredenering van ’n Beswaarskrif dat KO, art 46 'ook voorsiening maak vir Beskrywingspunte' om die noodsaak te bewys (Acta 2000:405, 3.4.11.2.2).

10.1.2 Indien die verband tussen die besluite van Sinodes 1988, 2000 en 2003 in aanmerking geneem was, sou Sinode 2006 besef het dat Sinode 2003 duidelik nie in stryd is met KO, artt 46 of 31 nie.

10.2 *Beoordeling van die beswaardes se samevattende bevinding*

Die bevinding soos aangehaal in 4.1 van die Beswaarskrif (Acta 2000:405, 3.4.11.2.2) is nie deur die Sinode vir sy rekening geneem nie. Die Sinode het bloot daarvan kennis geneem.

10.3 *Bevinding van kommissie*

10.3.1 Die Kommissie oordeel dat die noodsaak vir die verandering van ’n besluit nie met ’n Beskrywingspunt aangetoon kan word nie, maar dat dit steeds met ’n Beswaarskrif gedoen moet word.

10.3.2 Op grond hiervan het Sinode 2006 nie gefouteer deur die Beswaarskrif van Partikuliere Sinode Bosveld te laat slaag nie.

Besluit: Kennis geneem van 10.1 tot 10.3.2.

11. Aanbevelings

11.1 Beswaargrond 1 slaag nie.

Besluit: Die aanbeveling van die Kommissie word afgekeur, met die gevolg dat Beswaargrond 1 slaag. In die lig van die besluit onder 11.1 besluit die Sinode dat oor die volgende punte van aanbevelings van die Rapport gelykluidend besluit word:

11.2 Beswaargrond 2 slaag nie.
Besluit: Aanbeveling van Kommissie word afgekeur.
11.3 Beswaargrond 3 slaag nie.
Besluit: Aanbeveling van Kommissie word afgekeur.
11.4 Beswaarskrif slaag in sy geheel nie.
Besluit: Aanbeveling van Kommissie word afgekeur.

P. **ORDEVOORSTEL**

Besluit: Die Sinode benoem 'n Kommissie om die Sinode te adviseer oor die konsekwensies van die geslaagde Beswaarskrif.

Q. **BENOEMING AD HOC-KOMMISSIE**

Die volgende ad hoc-kommissie word benoem: Dr DG Breed (s), dr J Smit, di TJ van Vuuren, FM Dreyer, PA Coetzee en oudl BD Bakker met prof A le R du Plooy as adviseur.

R. **RAPPORT VAN AD HOC-KOMMISSIE**

Implikasies van die besluit van die Algemene Sinode 2009 oor die Beswaarskrif van Streeksinode Randvaal teen 'n besluit van Sinode 2006

1. Opdrag

Om Sinode te adviseer oor die gevolge van die besluit dat Streeksinode Randvaal se Beswaarskrif slaag.

Besluit: Kennis geneem.

2. Beredenering

2.1 *Implikasies oor die besluite van Sinodes 2006 en 2003*

2.1.1 Die besluit van Sinode 2006 (Acta 2006:411-412, 2.1.2, 2.2.2 en 2.3) word deur die besluit van Sinode 2009 gerojeer (**r*ojeer : kanselleer, skrap, vernietig, ophef (HAT))*.

2.1.2 Die implikasie van die besluit van Sinode 2009 is dat die besluit van Sinode 2003 staan (Acta 2003:591-593, E1 tot 14.8; Vgl Errata by die Handelinge van 2003). Dit sluit onder meer die besluit in, waarteen Part Sinode Bosveld in 2006 (Acta 2006:409) beswaar gemaak het, naamlik:

"Die Sinode keur in die lig van die Skrif goed dat vroue wat die nodige gawes het as diakens in die GKSA verkies en bevestig kan word. Die Sinode oordeel verder dat bepaalde tekste soos Rom 16:2, 1 Tim 3:11 en 5:9-15 baie lank reeds in die Gereformeerde Kerke in ekumeniese verband `n belangrike ondersteunende rol vir vroue in besondere ampte speel, alhoewel daar enersyds nie duidelike sekerheid bestaan nie maar andersyds ook geen verbod op vroue in die amp van diaken geplaas word nie" (Acta 2003:591, 4).

Besluit: Kennis geneem.

2.2 *Implikasies vir sake op die Agenda van Sinode 2006*

2.2.1 Die besluit van Sinode 2009 het implikasies vir sake oor die vrou in die kerk wat ordelik op die tafel van Sinode 2006 gekom het. Die volgende sake is hier van belang.

2.2.1.1 Die **Rapport van Studiedeputate** wat deur Sinode 2003 (Acta 2003:593, 14) aangewys is. Weens die besluit van Sinode 2006 in sy handhawing van die beswaar van Part Sinode Bosveld is die Rapport nie afgehandel nie (meerderheid- en minderheids).

2.2.1.2 Die **Rapport van die Kommissie** van Sinode 2006 oor die Studierapport van 2003 bevat belangrike beredenering.

Besluit: Kennis geneem – wysigings is reeds aan gebring – Deputate Handelinge.

2.2.1.3 Die **Beswaarskrifte** teen die besluit van Sinode 2003 rakende die vrou in die amp van diaken (Acta 2006:417-556 – uitgesluit die Beswaarskrif van Part Sinode

Bosveld). Hierdie Beswaarskrifte het ordelik op die tafel gekom, is nie behandel nie en moet derhalwe afgehandel word.

Besluit: Goedgekeur.

2.2.2 Die implikasie van Sinode 2009 se besluit is dat die sake in 2.2.1 hierbo weer in behandeling geneem moet word.

Besluit: Goedgekeur.

2.3 *Implikasies vir die afhandeling van die Agenda van Sinode 2009*

2.3.1 Die besluit van Sinode 2009 het ook implikasies vir sake oor die vrou in die kerk wat aanvanklik ordelik op die tafel van Sinode 2009 gekom het. Die sake is die volgende:

2.3.1.1 Die **Rapport van die Studiedeputate** wat voortspruit uit die besluite van Sinode 2006, is met die rojering van die besluit nie meer op die tafel van hierdie Sinode nie.

Besluit: Kennis geneem.

2.3.1.2 Die **Beswaarskrif van GK Brits-Wes**. Die Beswaarskrif rus op die besluit van Sinode 2006 wat deur die besluit van Sinode 2009 gerojeer is.

Besluit: Kennis geneem.

3. Aanbevelings

3.1 Die Sinode neem kennis van die beredenering in 2.

Besluit: Goedgekeur.

3.2 Die Sinode besluit, in die lig van die beredenering om ‘n Kommissie aan te wys om op die voortsetting van die Sinode te rapporteer:

3.2.1 Die Kommissie moet alle onafgehandelde sake uit Sinodes 2000 tot 2009 oor die vrou in die kerk ondersoek en die volgende Sinode in die lig van hul studie adviseer oor die behandeling en/of afhandeling daarvan.

3.2.2 Die Kommissie moet alle relevante materiaal in die studie verreken. Hierby is die opdrag van Sinode 2003 (Acta 2003:593, 14), die Studierapport en die Kommissierapport van Sinode 2006, sowel as die Studierapport en Kommissierapport van Sinode 2009 ingesluit.

3.2.3 Die Kommissie moet alle nuwe studies en ontwikkelinge in die verband in ag neem, binne die GKSA sowel as binne kerke waarmee die GKSA ekumenies een is.

3.2.4 Die studie moet die saak van die vrou in kerk, wat die vrou in al die besondere dienste insluit (Acta 2000:414, 5) in `n nuwe Rapport ter tafel bring vir besluitneming deur die Sinode.

Besluit: 3.2.1 tot 3.2.4 word goedgekeur soos gewysig – wysigings is reeds aangebring – Deputate Handelinge.

3.2.5 Die Sinode keur 2.3.1.1 tot 2.3.1.2 goed.

Besluit: Goedgekeur.

S. **ORDEVOORSTEL**

Die voorstel op tafel terstond tot stemming gebring word.

Besluit: Goedgekeur.

Die Sinode besluit voorts dat hierdie Sinode in reses gaan en ’n Kommissie aanwys om op die datum soos deur die Sinode bepaal, te rapporteer oor die opdragte soos goedgekeur in pt 3 van die Rapport van die ad hoc-kommissie.

Die volgende name word aan die Sinode voorgehou: Ds HJP de Beer (Voorsitter) dr SP van der Walt (skriba), di RS Hobyane, MJ Letebele, LH Moretsi, SD Snyman, L du P van der Vyver, drr DG Breed, G Breed, GJ Meijer, J Smit en dr SJ van der Merwe. Adviseurs is: proff A le R du Plooy, CFC Coetzee, RS Letšosa, JJ J van Rensburg, GJC Jordaan en JM Vorster.

Besluit: Goedgekeur.